

8 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 30

Fokusgedeelte: Psalm 30

In sy goedheid verander die Here trane in gelag, rou in feesviering!

Die psalm is 'n lied vir die inwyding van die tempel (vs. 1). Die inhoud gaan oor gebeure weg van die tempel, oor gebeure in die lewe van 'n enkeling. Daar is 'n onlosmaaklike band tussen die twee. God se goedheid word elke dag en in die samekoms by die tempel ontvang en beleef. Vir sy goedheid moet die Here God geloof word. Daarom sing die psalmdigter en roep hy ander om te sing: "Prys die Here, want sy goedheid duur lewenslank!"

Die refrein wat hier weerklink, word in baie psalms gehoor (Pss. 36, 65, 107, 118). Sy dienaars, sy gunsgenote wil (vs. 2) en sal (vs. 13) die Here prys omdat Hy goed is. Soos die psalm met lofprijsing begin en eindig, so omvat en vul lofprijsing die lewe van gelowiges. Dit kan nie anders nie. Die goedheid van die Here omvat en vul ons lewens. Sy goedheid is duidelik kenbaar in die groen weivelde van die lewe (vs. 8a). Gesondheid, tye van lag en feesvier bevestig: "Die Here is goed vir ons." Maar ook tye van trane, stryd en siekte is deel van sy goedheid (vs. 6a, 8b). Dit bring ons om te besef: "Op ons eie (vs. 7), sonder die Here kan en sal ons dit nie maak nie." Die tye laat ons bid: "Here, wees my genadig, Here help my!" So laat die Here ook die tye vir ons ten goede meewerk (Rom. 8:28).

Die Here hoor en Hy help. Hoekom? Omdat Hy goed is, omdat daar geen einde aan sy goedheid is nie. Omdat die Here goed is, red Hy nietige mense van die dood (vs. 4). Die psalmdigter het dit beleef. Die Here het my trane in gelag verander. Die Here het my rouklere uitgetrek. Die Here het vir my feesklere aangetrek. In sy goedheid het dit in en deur Jesus Christus, in en deur sy kruis en opstanding, 'n werklikheid geword vir elke gelowige. Die opgestane Here het vir ons feesklere aangetrek. Daarom kan ons ook in tye van trane sing. Sonder vrees vir die dood kan ons sing om die Here te prys (Rom. 8:31-39). Mag die Here, mag sy goedheid ons laat sing om Hom te loof – elke dag en waar ons saamkom – nou en tot in ewigheid!

Sing: Psalm 30:2, 3, 5 (2001-omdigting); Psalm 30:3, 8 (Totius)

Ds. FM Dreyer (Noordrand)